Hoe moet ons bid?

G. J. Du Preez 072 1876 076

Hoe moet ons bid?

Eerstens voor ons kan bid tot VADER moet ons die eenheid verstaan. Ons moet erken dat daar ‘n VADER en ‘n Seun is. Dat VADER se Gees binne-in jou wel SY Seun YAH is (*Eers sal jy dit ontvang in die 1000 jaar van vrede*). Baie bid willekeurig en weet nie werklik tot wie hy eintlik bid nie.Ander bid weer met ‘n agenda en dit is ‘n gruwel voor VADER(*Ps.66:18; 109:7; Jes.44:17-19; Spr.28:9; Ese.8:10-16).*

Ons wat die eenheid verstaan moet leer soos die dissipels by YAHUSHA geleer het. Hy het die VADER aan hulle bekend kom stel en dus moet ons ook so doen. Hy het met Sy wandel ons kom wys hoe Hy VADER eer in Sy gebede. *(Hier is ‘n voorbeeld om die begrip van VADER en Seun beter in te sien: ‘n Jongman ontmoet ‘n meisie wat sy hart verbly. Sy “aan haarkant” voel dieselfde. Met die verblyding van die paartjie besluit die jongman om die pa te ontmoet en om toestemming by hom te vra vir sy dogter se hand. Met die goedkeuring van haar pa kan hy nou met haar uitgaan en eendag met haar trou. Elke keer as hy die meisie wil uitneem, moet hy eers by die pa wegkom {natuurlik eers nadat pa vir hom die leviete voorgelees het} Die dag as die twee besluit om te trou, gaan die meisie se pa hom aanneem as sy seun {skoonseun}, m.a.w. hy word nou deel van sy meisie se gesin. So kan ek die vergelyking ook omdraai na die man se huis).*
Ons moet VADER soos YAHUSHA aansien met eervolle respek, lofprysing en hoogagting. Ons moet VADER sien op SY troon met YAHUSHA aan SY regterhand. Met dankbaarheid moet ons bid dat VADER ons die geleentheid gee dat ons met YAHUSHA mag wandel en dat VADER, YAHUSHA aan ons geopenbaar het. Ons moet VADER dank dat Hy SY Seun ‘YAHUSHA’ as Bruidegom afstaan aan Sy *(“meisie”)* uitverkore. Dat ons met Hom kan wandel en eendag met Hom in die huwelik kan tree*(Joh.6:65).* Ons moet bid vir genoegsame voeding *(gees- of vleeslik)* nie net vir ‘n dag nie, maar ook vir die dag daarna (*dat daar altyd genoeg kan oorbly vir die dag van môre ook*). Vra vergifnis van wetend en onwetende wet-oortredinge; Smeek beskerming teenoor Ha satan;Sluit jou gebed weer af met dank en lofprysing.

Ter opsomming:
Groet VADER in die oggend as jy opstaan *(pleit beskerming).*
Wandel na gebed met YAHUSHA die heeldag en kommunikeer met Hom.
Dank VADER by al jou etes deur die dag *(in dankbaarheid).*
Groet VADER in die aand as jy gaan slaap *(pleit beskerming).*

<u>Hier is riglyne oor ‘’n gebed:</u> (1) Ek groet VADER en verbly my in SY Seun “YAHUSHA”; (2) Ek loof en prys VADER vir SY grootheid; (3) Ek dank HOM vir al die seëninge wat ek ontvang; (4)Ek lê my naaste se behoefte voor HOM neer; (5) Ek lê my voor HOM neer om te doen soos dit HOM behaag; (6) Ek smeek SY beskerming teenoor die bose; (7) Ek sluit af met eerbied en lofprysing aan HOM. My gebed tot VADER is “In die Naam van YAHUSHA”

Ek begin dadelik met VADER praat in SY Seun se teenwoordigheid; Ek lê my gebed voor VADER met "Laat U wil geskiet"; Ek sluit my gebed "In U Naam YAHUSHA" (*YAHUSHA is dus my middelpunt, toelating en verhoring by VADER*). Kom ons kyk na die model gebed:

So moet julle bid *(Mat.6: 9 tot 13 / Luk.22: 1 tot 4)*
Onse VADER,{Duidelik word ons uitgewys dat ons direk na VADER moet bid} *U wat in die hemele woon,* {Let op dat daar hemele staan en nie hemel nie, dus gaan ons gebed tot die "hemele" wat buite ons aardse "hemel" bestaan} *laat U Naam 'n toevlugsoord wees;* {Wat ontsettend belangrik is, is om die Naam van VADER wat HY aan SY Seun gegee het te ken, en dit is YAH wat tans YAH-U-SHA heet} *laat U koninkryk tot ons kom,* {Laat U heerskappy weer wees soos dit was in die dae van Moses} *sodat almal op aarde U kan eer soos daar by U in die hemele. Gee asseblief vandag ons daaglikse brood vir more se behoefte. Vergewe ons, ons skuldige dade teenoor U Wette, soos ons die vergewe wat teenoor ons skuld het. Laat nie toe dat ons versoek word deur die bose een nie "indien ons oortree het" laat toe dat terugkeer na U altyd moontlik sal wees. Aan U behoort dié Koninkryk, dié Krag, en dié Lofprysing in ewigheid, HalleluYAH*
Amein

Ons moet verstaan dat die 'model' gebed van YAHUSHA daar vir ons is om te leer. Dat VADER en SY koninkryk ter sprake is. Ons kan YAHUSHA ook in die model gebed plaas. Hoekom? Die gebed gaan vir diegene wat nog soekend is na die Koninkryk. In Open.3:12 staan: *... Ek sal op hom die Naam van My VADER skrywe en die naam van die stad van My VADER, van die nuwe Jerusalem, wat uit die hemel van My VADER neerdaal, en My nuwe Naam.* Dié Name sal op Sy uitverkore volk staan (*Die wat wel eervol bid*).

Besef YAH se ALMAGTIGE KRAG! Besef daar is 'n realm wat ons nie in kan sien nie, en tog is dit daar. Tog is dit daar waar die boodskapper-magte woon en luister na VADER en YAH SY Seun. Dink net logies; sal VADER ons alleen laat in Ha satan heerskappy!? Nee dan was ons lankal tot niet! Die boodskappers veg elke dag vir ons teen die bose in daardie realm wat ons nie kan sien nie. Hoekom sê ek so? Omrede Ha satan uit die hemel gewerp was na die aarde Luk.10:18. Ons het beskerming nodig teen die bose een wat tydelike heerskappy het (*Ha satan wat beheer het oor die demone*). Die wat speel met geeste-oproep, kommunikasie met die afgestorwenes, spel bord wat 'n glasie gebruik, ens. Mense al doen jy iets onskuldig glo my jy speel met vuur. Die mag van die duistere een is ontsettend sterk en ver bo ons mense krag. Wat my wel verbly is dat enige demoniese krag nie by die krag van 'n boodskapper van YAH kan kom nie (*Hoeveel te meer YAH se eie krag*). Ons sien elke dag die grootheid van YAH in alles rondom ons. Tot openbaring oor bid en kommunikasie tussen ons en VADER sê YAHUSHA in Matt. 18:20. *Want waar twee of drie in My Naam vergader, daar is Ek in hul midde.*

Tot verblyding wil ek graag die openbaring deurgee nl.: In die begin van tyd op aarde (*skepping*) was heerskappy aan Adam gegee. Met jaloesie het Lucifer / Ha satan die heerskappy begeer en dit weggeneem by Adam (*deur die vrou*). Dus was daar 'n oorlog waarvan Lucifer gewen het. Kort voor lank was daar weer onmin toe die seuns van VADER weereens die vroue gebruik het om skeiding daar te stel tussen YAH en Sy skepping. Dus was daar weer oorlog, maar die keer was daar gevangenisse en 'n skeiding tussen VADER se Gees en die vleeslike skepping. Die seuns van VADER wat skuldig was, was geboei en in gevangenisskap geplaas tot en met die laaste tyd op aarde. Die demone wat ons ken (*of van hoor*) is die nageslag van die seun van VADER en 'n groot begeerte na aardse-liggame het (*Hulle is geestelik van aard, want hulle vleeslike liggaam het hulle verloor met Noag se vloed*).
Nou oral waar jy in die Skrif lees, lees jy van die oorloë waarvan die mag en krag by ons Koning YAH lê. Hetsy Ha satan of sy demone het hulle 'n groot vrees vir die uitverkorene van VADER. Hulle weet wat vir hulle voorlê, want die laaste oorlog lê ook nog vir hulle voor: *Open.17:14Hulle sal teen die Lam oorlog voer, en die Lam sal hulle oorwin want Hy is ~~die Here~~ Meester van die ~~here~~ meesters en die Koning van die konings en die wat saam met Hom is, geroepe en uitverkore en getrou. 19:11 .... ; en daar was 'n wit perd, en Hy wat daarop sit, word genoem Getrou en Waaragtig, en Hy oordeel en voer oorlog in geregtigheid. 19:19 En ek het die dier en die konings van die aarde en hulle leërs versameld gesien, om oorlog te voer teen Hom wat op die perd sit, en teen Sy leër. 20:10 En die duiwel wat hulle verlei het, is in die poel van vuur en swawel gewerp waar die dier en die valse profeet is; en hulle sal dag en nag gepynig word tot in alle ewigheid.*
Mense die oorloë het gekom en gegaan en daar lê nog twee voor die deur waarvan ons reeds die resultaat kan lees in die Skrif. Die oorloë was die heeltyd tussen die hemel-wesens waarvan ons as mens nou en dan in die spervuur kom. Ons as uitverkore het reeds gewen dit is net tyd wat tussen ons en die ewige lewe staan. Ha satan weet dit en daarom begeer hy met sy magte jou hart, lewe en verstand. Doen Ps. 119:164: *Ek loof U sewe maal elke dag oor U regverdige verordeninge*. Weerhou lang gebede tot VADER en wandel met HOM met 'n oop hart. Bid saam met eensdenkende broers *(Matt.18:20)*
Ns.: Alle Volke met hulle gelowe bid en eer hulle god. Hulle noem hulle god op sy naam en eer hom daarvolgens; Daar is 'n geloofhegtingspunt in hulle aanbidding en dit is die naam "god". Dus sorteer Japannees, Chinees, Indiër of voorvader-gees aanbidders onder die duistere naam "god". Hulle god is ook hulle "vader" skepper en heer. Met die aanhoor van Ha satan se strategie moet ons weet dat ons in ons gebede ons Skepper moet uitwys. Dit help net om YHUH in te bring nie, want hulle roep ook hulle god aan as YHUH. Ons moet VADER aanroep in ons gebede as 'VADER van Abraham, Isak en Jakob in die Naam van SY Seun "YAH". Begin om uit te wys in jou gebede wie julle aanbid sodat jou gebede verhoor kan word. "Bedink dit"

Gebed van bereiding

Onse VADER, U wat woon in die hemele; Ek bely en glo dat U die VADER is van YAH; Ek glo dat YAH U Seun is; Ek glo dat YAH dié Gesalfde is; Ek glo dat U Seun YAH die enigste weg na VADER is; Ek glo dat YAH U Seun gekom het as YAHUSHA ons Losser; Ek glo dat U Seun YAHUSHA aan 'n folterpaal vir die uitverkore se lossing gesterf het; Ek glo dat YAHUSHA weer opgestaan het uit die doderyk; Ek glo dat U Seun YAHUSHA opgevaar het na U; Ek glo dat U Seun YAHUSHA aan U regterhand sit; Ek glo dat YAHUSHA weer sal kom as YAH ons Koning om ons te Regeer.

Hiermee smeek ek by U bevryding van bindinge en towerspreuke. Ek beloof om al my rebellie af te lê; Ek beloof om al my oortredinge voor U neer te lê; Ek beloof om myself te onderwerp aan U as my VADER; Ek beloof om my uitverkore broer te vergewe as hy dit vra; Ek beloof om enige kontakte en voorwerpe te breek, verbrand en in totaal vernietig.

Ek bely al my oortredinge voor U; Ek vra en smeek U om vergifnis van oortredinge; Ek smeek vergifnis vir woord of daad wat ek teen my naaste gepleeg het; Ek smeek U om vergifnis vir oortredinge waar ek beloftes en geloftes gebreek het; Ek smeek dat U my oë sal open en my verstand verhelder; Ek smeek beskerming teen blootstellings en vloeke; Ek verwerp alle kontak met okkultisme of Ha sataniese dinge; Ek smeek bevryding van Ha satan magte en valse uitsprake op my.

Met die wil en keuse wat U my geskenk het kies ek om te doen soos dit U wil behaag.

VADER ek glo dat elke woord wat U Seun YAHUSHA gespreek het om my te beskerm teen vloeke, Dus vra ek U om my vry te maak van enige vloek in my lewe – in U naam van U Seun ons Meester YAHUSHA.

Ek wag op U o VADER vir ontvang van my vrymaking. Deur geloof hoop en liefde begeer ek met dank in versekering daarvoor.

Daarom VADER, ek open myself nou om U seën te ontvang!

HalleluYAH

Só moet julle bid:

Onse VADER
wat in die hemele is,
help ons om U Naam rein te hou.
Laat U koninkryk kom;
sodat almal op aarde U kan eer,
soos daar by U in die hemele.

Gee ons vandag brood vir more se behoefte;
en vergeef ons, ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe.

Moet ons nie te hard toets nie, maar hou ons veilig weg van die bose een.

Aan U behoort die Koninkryk,
die Krag, hoogagting en lofprysing,
tot in ewigheid.
Amein.

Dié tien wette / Gebooie

(1) Geen gode voor My aangesig,
(2) hetsy gesnede beeld of enige gelykenis van die gode nie.

(3) Jy mag My Naam "YAH" 'jou Skepper' nie ydellik gebruik nie.

(4) Gedenk die Sabbatdag, dat jy dit afsonder

(5) Eer jou vader en jou moeder.

(6) Jy mag nie doodslaan,

(7) Verbaster,

(8) of steel nie.

(9) Geen valse getuienis teen jou naaste,

(10) of begeertes nie.

Amein